Kaapstad	Posbus 10034, Kaapstad	55-1324
Kimberley	Rooi Kruis-gebou, Stockdalestraat, Kimberley	6392
Oos-Londen	F.C.U.-gebou, Laer Kerkstraat, Oos-Londen	2-4123
Pietermaritzburg	Ottostraat 16, Pietermaritzburg	2-5913
Port Elizabeth	Broadstraat 22, Port Elizabeth	411542
Pretoria	Ou Poynton-gebou, Kerkstraat, Pretoria	2-5331
met aanvullende dienste te		
Springs	Lonelyweg 9, Selcourt, Springs	

Hierdie noodsaaklike werk word gekoördineer en uitgebrei deur die

NASIONALE RAAD VAN NIMRO
Benzal-gebou,
Barrackstraat 3,
Posbus 10005,
CALEDONPLEIN,
7905.
KAAPSTAD.

Takverslae is verkrygbaar op versoek

NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOOR- KOMING EN REHABILITASIE VAN OORTREDERS

Hoof-Beskermer
DIE STAATSPRESIDENT

Beskermer
SY WELEDELE DIE HOOFREGTER

President
SY EDELE REGTER J. H. STEYN

Nasionale Voorsitter
SY EDELE REGTER P. J. WESSELS

Lede van die Nasionale Raad

Sy Edele regter M. E. Kumleben	Vise-Voorsitter	Pietermaritzburg
Adv. J. J. Labuschagne		Pretoria
Hoogeerw. R. W. F. Cowdry	Lid van Uitvoerende Komitee (Kaap)	Port Elizabeth
Mnr. G. McLeod		(O.V.S.) Kimberley
Mnr. L. Lawrence, S.C.		(Tvl.) Johannesburg
Mnr. D. M. Grice		(Natal) Durban
Sy Edele regter R. N. Leon		Durban
Mnr. F. P. van der Merwe		Pietermaritzburg
Dr. S. Aronstam		Bloemfontein
Mev. F. Rubenstein		Johannesburg
Mnr. J. E. P. Levyns	Lid vir Finansies	Kaapstad
Mnr. K. Hayward		Kaapstad
Mnr. C. Alexander		Johannesburg
Mnr. R. de Lange		Oos-Londen
Mnr. K. du Pisanie		Port Elizabeth
Mnr. J. G. Botha		Bloemfontein
Mnr. P. Horwood		Pietermaritzburg

Voorsitter van Plaaslike Komitee

Mnr. W. Dannheisser Springs

Hoofkantoor:
BENZAL-GEBOU 403-407
BARRACKSTRAAT 3
KAAPSTAD

Posbus 10005
Telefoon 41-2362

Nasionale Direkteur
MNR. R. GRASER

Assistent Nasionale Direktrise
DR. TH. TOUSSAINT VAN HOVE

Professionele Assistent
MNR. A. BEUGGER

publisiteit en navorsing

Gedurende die finansiële jaar 1974/75 het die Instituut voortgegaan met sy belangrike taak om die publiek oor die oorsake van misdaad en die behandeling van oortreders in te lig. Behalwe verskeie pamflette wat NIMRO se werksaamhede omskryf, is 'n artikel deur mnr. Blignaut Olivier, Assistent Hoof van Sielkundige Dienste, Kaaplandse Departement van Onderwys oor "Die identifisering van gedragsafwykings by die skoolgaande jeug en remediërende stappe om sodanige afwykings die hoof te bied" en een deur mnr. R. Graser oor "Voor-vonnis Onderzoek" gepubliseer.

Die boek "Crime and Punishment in South Africa" onder gesamentlike outeurskap van dr. James Midgley, Sy Ed. regter J. H. Steyn en mnr. R. Graser en uitgegee deur McGraw-Hill, sal binnekort verskyn. Nasionale Raad het ook besluit om 'n reeks Suid-Afrikaanse Studies in Kriminologie te publiseer; die eerste uitgawe "Children on Trial" deur dr. J. Midgley, sal gedurende 1975 verskyn.

Die Nasionale Voorsitter en Nasionale Direkteur het 'n hele aantal pers-onderhoude toegestaan en ook verskeie verenigings en organisasies toegesprek.

Twee rolprente is uit Engeland verkry met die doel om aan die publiek die uitslag te toon van die verskillende metodes van vonnis, naamlik vonnis tot gevangenisstraf en alternatiewe daarvan. Die "Screws" skets die lewe in die gevangenis met sy eentonigheid en gebrek aan motivering, terwyl die ander prent "The Alternatives" toon wat bereik kan word deur persoonlike groei in verantwoordelikheid deur sommige oortreders deur middel van 'n sogenaamde gemeenskapsdienste-bevel deur in die gemeenskap gemeenskapdienste te lewer. Hierdie projekte is in verskeie sentra vertoon om sodoende die publiek oor vonnis as 'n middel tot rehabilitasie in te lig. Die rolprent onderstreep NIMRO se oortuiging dat meer gebruik gemaak moet word van behandeling buite inrigtingsverband.

Die navorsingsprojek oor "Misdaad op die Kaapse Vlakte" nader voltooiing; die eerste deel is aan die deelnemers van die konferensie oor "Misdaad, Regspleging en die Gemeenskap" wat deur NIMRO en die Regsfakulteit van die Universiteit van Kaapstad, in samewerking met die universiteit se

Departement van Buitemuurse Studies gehou is, beskikbaar gestel.

Smokkelkroë en verwante kriminele bedrywighede is 'n probleem in die Indiër woongebiede in en rondom Durban en Pietermaritzburg. Op versoek van NIMRO het die Departement van Kriminologie aan die Universiteit van Durban-Westville onderneem om navorsing hieroor te doen.

kriminologiese tydskrif: misdaad, straf en hervorming

Sedert ons laaste jaarverslag gepubliseer is, het drie verdere uitgawes van die tydskrif verskyn. Die getal intekenaars vermeerder steeds en kom nou reeds op 1096 te staan. Onder die artikels wat gedurende die jaar gepubliseer is, is "Pre-Sentence Investigation of Drunken Drivers: A follow-up Study" deur O. Ben-Arie; "Die Beheer van Ekonomiese Misdaad" deur T. J. van Heerden; "The Punishment Scene in South Africa" deur J. H. Steyn en "The Bystander — a Study in Victimology" deur L. S. Sheleff. Die referate wat by die Simposium oor "Misdaad: die oorsake daarvan in 'n stedelike samelewing, en die beheer daarvan deur die Strafproses" gelewer is, is ook gepubliseer.

kommisies van ondersoek

NIMRO het getuienis afgelê voor die Kommissie van Onderzoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep, die Theron Kommissie.

Die Nasionale Direkteur het klem gelê op verskeie punte wat in die twee memoranda wat gedurende die afgelope jare aan die Kommissie voorgelê is, en sodoende uitgewei oor oorsake van misdade en die aard van oortredings wat die meeste onder hierdie bevolkingsgroep voorkom.

'n Omvattende vraelys is vir die Kommissie van Onderzoek na die Insameling van Vrywillige Geldelike Bydraes van die Publiek, die van Rooyen Kommissie — wat gedurende hierdie jaar aangestel is — voltooi. Mondelinge getuienis is ook gelewer.

NIMRO het dit beklemtoon dat bydraes deur die publiek noodsaaklik is vir die voortbestaan van private welsynsorganisasies in Suid-Afrika aangesien Staatsubsidies geheel en al onvoldoende is; in NIMRO se geval het die subsidies op salarisse van maatskaplike werkers en die administrasietoelaag in die tydperk 1973/74 minder as 28% van die totale uitgawes uitgemaak. Dit is dus noodsaaklik dat die publiek aangemoedig word om by te dra.

Spesiale melding is gemaak van Gemeenskapskaste wat sake-ondernemings en hul personeel van 'n maklike manier voorsien om tot die koste van welsynswerk onder die minder-bevoorregtes by te dra. NIMRO het aanbeveel dat die totstandkoming van baie meer Gemeenskapskaste aangemoedig moet word. NIMRO het ook die blokkiesraaisel-wedstryde wat deur verskeie koerante aangebied word ondersteun waarin duisende mense aangemoedig word — in die hoop dat hulle 'n groot prys sal wen — om meer tot welsynswerk by te dra as wat andersins die geval sou wees. Diensgeskenkwinkels is ook genoem as 'n aanvaarde manier om fondse in te samel. Ten slotte is die Kommissie versoek om by die Regering aan te beveel dat verligting van inkomstebelasting verskaf moet word aan skenkings wat aan welsynsorganisasies gemaak word.

Wat NIMRO aanbetref, is die belangrikste kommissie wat verlede jaar aangestel is, die Kommissie van Ondersoek na die Strafbestelsel van die Republiek van Suid-Afrika. Vir etlike jare is NIMRO reeds bekommerd oor die stygende gevangenisbevolking waarvan — in die jare eindigende Julie 1971, 1972, 1973 en 1974 — respektiewelik 91%, 90,8%, 81,76% en 88,58% van die totale getal gevangenes gevangenisstraf van ses maande of minder uitdien. As in gedagte gehou word dat afslag vir goeie gedrag — wat wissel van $\frac{3}{4}$ tot $\frac{1}{4}$ van die vonnis — toegestaan word, is dit duidelik dat die meerderheid gevangenes 'n vonnis van minder as ses maande uitdien, wat geheel en al te kort is vir enige betekenisvolle opleidingsprogram. NIMRO het oor die jare beklemtoon dat meer gebruik gemaak moet word van alternatiewe strawwe soos boetes, proef, voorwaardelik opgeskorte vonnisse en gemeenskapsdienste-bevele soos wat in Brittanje gebruik word. NIMRO het ook dikwels daarop gewys dat die bedrag van 'n boete wat aan oortreders opgelê word in verhouding tot sy inkomste behoort te wees aangesien dit sal voorkom dat hulle na die gevangenis sal gaan as gevolg van hulle onvermoë om die boete te betaal. Om dieselfde rede het NIMRO ook betoog vir die hersiening van die borgstelsel. Die aanstelling van die Viljoen Kommissie het dit moontlik gemaak om hierdie en ander menings wat NIMRO huldig, in 'n memorandum en ook mondelings aan die Kommissie voor te lê toe die Nasionale Voorsitter, Sy Ed. regter P. J. Wessels en die Nasionale Direkteur voor die Kommissie verskyn het.

NIMRO wens al drie die Kommissies alle sukses in hulle werksaamhede toe.

nasionale raad, takkantore en komitees

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die Nasionale Raad is Sy Ed. regter P. J. Wessels, regter van die Appélhof van Suid-Afrika, verkies as nuwe Voorsitter van die Raad. Hy het Sy Ed. regter J. H. Steyn, wie as NIMRO se President benoem is, opgevolg.

Dit sou nie moontlik wees om hierdie verslag te skryf sonder om ons dankbaarheid teenoor die vorige Nasionale Voorsitter te betoon vir sy jare van toegewyde en onbaatsugtige diens aan die instituut en alles wat dit verteenwoordig. Regter Steyn se persoonlike betrokkenheid en sy dinamiese benadering ten opsigte van die probleme wat NIMRO ondervind het, was 'n motivering en uitdaging aan sy Raadslede en die maatskaplike werkers. Die personeel by die Hoofkantoor, in besonder, wil vir hom bedank vir sy ondersteuning, warme menslikheid en opregtheid.

Daar is steeds nege takkantore wat, deur hulle sestien komitees en sub-komitees, 'n steeds belangrike en aktiewe rol in hulle onderskeie gemeenskappe speel. Die getal maatskaplike werkers het tot 52 vermeerder en ons is dankbaar aan die betrokke Staatsdepartemente wat die poste vir subsidie-doeleindes vanaf 42 tot 47 goedgekeur het. Die finansiële verpligtinge is tot 'n mate hierdeur verlig.

Die aantal gevalle wat deur die takkantore gehanteer is, het van die vorige jaar met 12,48% toegeneem; 22% van die kliënte was paroolpligtiges wat onder NIMRO se toesig gestaan het; 34,5% was onvoorwaardelik vrygelaat en 16% was gesinne van gevangenes. Die aantal kliënte wat aan die einde van die statistiese jaar in werk gestaan het, het ook, hoewel min, toegeneem van 42,5% tot 43,69%. Daar is ongelukkig altyd 'n aantal kliënte wat hulle kontak met NIMRO verbreek alvorens hulle aan die maksimum voordeel van die behandelingsdienste blootgestel was; gedurende die jaar was hulle verantwoordelik vir 28,2% van die totaal terwyl 9,3% weer gearresteer of gevonnissen is.

Nasionale Raad wil graag sy dank teenoor al die maatskaplike werkers uitspreek vir hulle effektiewe en doelgerigte werk en ook teenoor al die lede van die komitees vir hulle onbaatsugtige diens aan die gemeenskap.

hulp aan takke ten opsigte van projekte

Die Nasionale Raad het tydens sy 1974 vergadering besluit dat 'n gedeelte van die Diamant Jubileumfonds aangewend moet word om takke op 'n R vir R grondslag te help met spesifieke projekte ten einde die kwaliteit van dié dienste wat gelewer word, te verhoog.

buitelandse kontakte

NIMRO het heelwat besoeke van buitelandse kriminoloë en regsgeleerdes ontvang. Onder die besoekers was dr. J. Midgley van die "London School of Economics"; dr. Leon Sheff van die Universiteit van Tel Aviv en mnr. F. McClaren, Hoofproefbeampte van die "Northumberland Probation and Aftercare Services."

Gereelde kontak is ook met die "International Prisoners' Aid Association", waarvan die Nasionale Direkteur 'n raadslid is, gehou.

transkeise instituut insake misdadvoorkoming en rehabilitasie van oortreders (X.W.O.41)

Gedurende Februarie vanjaar is bogenoemde Instituut as 'n welsynsorganisasie in die Transkei geregistreer. NIMRO was by sy totstandkoming betrokke en sal voortgaan om homself in hierdie Instituut se werksaamhede te interesseer. Die bestaan van hierdie Instituut, met soortgelyke doelstellings as dié van NIMRO, sal kontak tussen gevangenes in die Republiek en hulle gesinne in die Transkei vergemaklik. Inwoners van Thaba Nchu, wat by die Bophuthutswana tuisland ingelyf is, het ook reeds te kenne gegee dat hulle daarin geïnteresseerd is om met 'n gevangenes-hulp organisasie te begin.

finansies en fondsinsameling

NIMRO het in 1974 'n milde bydrae van R5 195,17 van die Springbok Radio Kersfeesfonds ontvang wat aan sy takkantore uitgedeel is.

Toelaes en skenkings ter waarde van R14 531,20 is uit verskeie oorde ontvang waaronder die hoofkantore van banke, bougenootskappe, sake- en industriële ondernemings, mynmaatskappye, trustfondse, vroue-organisasies, ontspanningsklubs en individuele skenkings ingesluit is. NIMRO is dankbaar vir hierdie ondersteuning.

Die Diamant Jubileumfonds staan tans op R221 593,04. Ons wil in besonder ons dank betuig teenoor die Sunday Times se Nasionale Welsynsfonds vir die ruimhartige bydrae van R189 920 wat NIMRO in staat stel om aan al sy maatskaplike werkers gelyke salarisse te betaal. 'n Verdere bedrag van R9 095,36 word ook met dank erken.

NIMRO wil ook graag die onderstaande munisipaliteite vir hulle ondersteuning bedank. 'n Groot aantal straatkollekte is toegestaan wat 'n totale bedrag van R1 639,19 tot gevolg gehad het. NIMRO is inderdaad dankbaar teenoor diegene wat hiertoe meegehelp het — alle organiseerders, kollektante en hulle helpers asook diegene wat uit openbare fondse skenkings gemaak het.

lys van munisipaliteite

Alice	Hermanus	Sasolburg
Aliwal-Noord	Humansdorp	Scottburgh
Benoni	Indwe	Steynsrus
Bethlehem	Ixopo	Stilfontein
Brakpan	Jagersfontein	Touwsrivier
Bronkhorstspuit	Klerksdorp	Ugie
Carletonville	Koppies	Uitenhage
Cirtusdal	Lady Grey	Upington
De Aar	Ladysmith, Natal	Vanderbijlpark
Despatch	Leeudoringstad	Virginia
Douglas	Lichtenburg	Vryburg
Dundee	Maclear	Vryheid
Empangeni	Middelburg, K.P.	Warrenton
Eshowe	Mtubatuba	Watervalboven
Fort Beaufort	Nigel	Wepener
George	Orkney	Wesselsbron
Glencoe	Parys	Westonaria
Graaf-Reinet	Pietersburg	Witrivier
Grahamstad	Randfontein	Wolmaransstad
Hennenman	Rustenburg	

ten slotte

Ons wil ook graag dank betuig teenoor die onderskeie Staatsdepartemente vir hulle bereidwilligheid tot samewerking, nl. die Departemente van Gevangenis, Justisie, Volkswelsyn en Pensioene, Kleurlingsake, Indiërsake en Bantoe Administrasie en -Ontwikkeling. Ten slotte ook 'n woord van dank aan die Pers en die S.A. Uitsaai-korporasie vir die ondersteuning en publisiteit wat ons gedurende die jaar ontvang het.

STATISTIEKE: jaar geëindig 31 Maart 1975

Hof- en Gevangenisdienste

(52 Maatskaplike werkers)

Gevangenisonderhoude	5 961
Hofkontakte	2 374
Hofverslae	75

Gevallewerkonderhoude en besoeke

Aantal onderhoude	30 094
Aantal besoeke	9 885

Vordering van Nasorgkliënte

Selfstandig:		Na ander organisa-	
Werk gereeld 43,7%		sies verwys bv. ver-	
Liggaamlik of gees-		huis	4,7%
telik ongeskik: met		Kontak met maat-	
hulp het nie weer		skaplike werkers	
misdaad gepleeg nie 6,2%		verbreek	28,2%
Nog kliënte (nog		Weer skuldig be-	
nie in werk nie) 12,5%		vind aan misdaad	9,3%

Aard en voorkoms van sommige misdrywe deur kliënte gepleeg:

Seksuele misdrywe	335
Moord en poging tot moord	489
Aanranding	713
Besit van dagga	379
Besit van ander verdowingsmiddels	73
Handeldryf in dagga	308
Handeldryf in ander verdowingsmiddels	73
Bestuur onder invloed van alkohol	173
Diefstal	4 275
Leeglêery	273
Nie-onderhoudsbetaling	56

NIMRO

(Geregistreer kragtens die Wet op Welsynsorganisasies
Nr. 40 van 1947 as Welsynsorganisasie Nr. 313)

Ingevolge Artikel 54quat I (i) en (j) van die inkomstebelastingwet word vrystelling van die betaling van Skenkingsbelasting aan donateurs van skenkings aan NIMRO verleen. Die Vereniging word ook as 'n liefdadigheidsorganisasie erken vir doeleindes van Artikels 4 (a) (viii) en 15 (b) van die Sterfrechtenwet, 1922 en Artikel 4 van die Boedelbelastingwet, 1955.

NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)

NASIONALE RAAD

BALANSSTAAT OP 31 MAART 1975

	Nota	1974	1974
Fondse aangewend:			
ALGEMENE REKENING	2	411,74	1 538
SPEZIALE FONDSE	4		
- ia mant Jubileumfonds		221 593,04	40 332
- Springbok Radio Kersfeesfonds		7 690,35	5 210
- Namens Johannesburg-tak		3 025,00	4 725
- Dag van Gebed		—	19
		232 308,39	50 286
TRUSTFONDS		2 258,15	2 155
- H. P. Smich bemaking			
		<u>R235 008,28</u>	<u>R53 979</u>
Soos volg aangewend:			
VASTE BATES BELEGGINGS	3	2 655,51	2 220
- Vaste depositos		191 800,00	43 800
- Spaarrekeninge		28 648,13	14 509
- Skuldbriewe		20 000,00	—
- Opgehoopte rente		2 755,80	303
		243 203,93	58 612
TRUSTFONDS-BELEGGINGS	5	2 258,15	2 155
		248 117,59	62 987
LOPENDE BATES		7 256,43	8 428
LOPENDE LASTE		20 375,74	17 436
		13 109,31	9 008
NETTO LOPENDE LASTE			
		<u>R235 008,28</u>	<u>R53 979</u>

LET WEL: Hierdie balansstaat sluit nie enige bate en laste wat in die rekeninge van die takke behandel word, in nie.

Geteken namens die Nasionale Raad
P. J. Wessels
Nasionale Voorsitter
J. E. P. Levyns
Lid vir Finansies

29 Julie 1975

Verslag van die ouditeure

Die finansiële state van die Nasionale Raad van die Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders, soos uiteengesit op bladsye 2 tot 7, is in ooreenstemming met die onderliggende boeke en rekords. As gevolg van die vrywillige aard van die inkomste uit skenkings, erfatings en straatkollekte, is dit nie vir ons moontlik om te sertifiseer dat alle sodanige inkomste in berekening gebring is nie. Onderhewig aan voorafgaande, gee die genoemde finansiële state, volgens ons mening, 'n redelike beeld van die sake van die Nasionale Raad op 31 Maart 1975 en van die inkomste en uitgawe vir die jaar geëindig op daardie datum.

Arthur Young & Kie
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)
NASIONALE RAAD
INKOMSTE STAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1975**

	Nota	1974	
INKOMSTE			
Toelaes	6	114 404,54	86 148
Erfatlings ontvang		8 506,48	9 750
Fondsinsameling	7	16 885,39	13 975
Ander inkomste	8	1 739,13	1 504
Bydrae uit die Diamant Jubileumfonds		3 000,00	4 000
		<u>144 535,54</u>	<u>115 377</u>
UITGAWE			
Toelaes aan takke:			
Personeel	9	120 256,65	94 987
Spesiale		2 800,00	1 012
Administratiewe uitgawes	10	40 229,51	34 200
Ander uitgawes	11	9 387,10	9 181
		<u>172 673,26</u>	<u>139 380</u>
Min Personeeltoelaes aan takke uit Diamant Jubileumfonds betaal		<u>21 414,00</u>	<u>18 061</u>
		<u>151 259,26</u>	<u>121 319</u>
SURPLUS VAN UITGAWE OOR INKOMSTE		6 723,72	5 942
Min Aansuiwering van toelaes ontvang in vorige jare		5 608,11	(5 650)
Oorgedra na algemene fonds		<u>R1 115,61</u>	<u>R11 592</u>

**NASIONALE INSTITUUT INSAKE MISDAADVOORKOMING EN
REHABILITASIE VAN OORTREDERS (Welsynorganisasienommer 313)
NASIONALE RAAD
NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE OP 31 MAART 1975**

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

- 1.1 Erfatlings ontvang (1975 – R8 506,48; 1974 – R9 750) is 'n d'e verlede direk met die algemene rekening gekrediteer. Met ingang van hierdie jaar is dit met die inkomste gekrediteer en dit sal ook die toekomstige beleid wees. 1974 se syfers is dienooreenkomstig gewysig om vergelyking te vergemaklik.
- 1.2 (a) Die Diamant Jubileumfonds word deur die nasionale raad van die instituut as 'n spesiale fonds beskou waaruit uitgawes van 'n navorsings- en opvoedkundige aard betaal moet word (1975 – R8 793,66; 1974 – R6 765) en vir die glykmaking van salarisse by die takke (1975 – R21 414,00; 1974 – R18 061); beide voorgenoemde uitgawes word nie as normale welsynuitgawes beskou nie.
- (b) Die Springbok Radio Kersefeesfonds word deur nasionale raad as 'n spesiale fonds beskou aangesien dit gehou word tot tyd en wyl dit aan die takke van die instituut uitgedeel sal word. Uitgedeel in 1975 – R3 350,00 (1974 – R3 030).
- (c) Die totaal van die uitgawes wat direk met die bovermelde fondse gedebiteer is, is R33 557,66 in 1975 (1974 – R27 856).
- (d) Die totale inkomste deur middel van skenkings, rente en ander inkomste wat in 1975 direk met die bovermelde spesiale fondse gekrediteer is, is R220 298,60 (1974 – R29 196).

2. ALGEMENE REKENING

	1974	
Balans op 1 April 1974	1 538,35	1 577
Dag van Gebed-fonds op 1 April 1974	19,00	—
Rapport Hulpfonds	—	11 553
	<u>1 557,35</u>	<u>13 130</u>
Min Bedrag oorgedra vanaf die inkomste staat	<u>1 115,61</u>	<u>11 592</u>
	<u>R441,74</u>	<u>R1 539</u>

3. VASTE BATES

Kantoormeubels en toerusting		
Balans op 31 Maart 1974	2 220,43	1 752
Toevoegings	730,16	817
	<u>2 950,59</u>	<u>2 569</u>
Verkope	—	102
	<u>2 950,59</u>	<u>2 467</u>
Min Depresiasië vir die jaar geëindig 31 Maart 1975	<u>295,08</u>	<u>247</u>
	<u>R2 655,51</u>	<u>R2 220</u>

4. SPESIALE FONDSE

	Dag van Gebed	Springbok Radio	Diamant Jubileum
Balans op 1 April 1974	19,00	5 209,92	40 332,53
Skenkings ontvang	—	5 195,17	199 015,36
Rente	—	635,26	12 988,04
Ander inkomste:			
Tydskrif – intekengeld	—	—	1 817,17
– advertensies	—	—	585,00
– verkope	—	—	62,60
	<u>19,00</u>	<u>11 040,35</u>	<u>254 800,70</u>

NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE OP 31 MAART 1975 (vervolg)

NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE OP 31 MAART 1975 (vervolg)

Min Spesifieke uitgawes betaal uit spesiale fondse:			
Kriminologiese biblioteek	—	—	196,95
Films	—	—	706,43
Drukkoste van tydskrifte	—	—	4 772,21
Navorsingsprojek	—	—	319,82
Salarisse navorsing	—	—	2 686,75
Diverse - tydskrif	—	—	111,50
	—	—	8 793,66
Skenkings en betalings aan takke - diverse	—	3 350,00	—
vir gelykmaak van salarisse	—	—	21 414,00
Oorgedra na algemene rekening	19,00	—	—
Bydrae oorgedra na inkomste staat	—	—	3 000,00
	19,00	3 350,00	33 207,66
Balans op 31 Maart 1975	R —	7 690,35	221 593,04

5. TRUSTFONDS-BELEGGINGS		1974
Vaste deposito	2 000,00	2 000
Spaarrekening	214,29	155
Opgehoopde rente	43,86	—
	<u>R2 258,15</u>	<u>R2 155</u>

6. TOELAES		
Departement van Volkswelsyn en Pensioene		
Adm inistrasie	5 400	2 900
Personeel - tak- en hoofkantoorposte		
Ontvang	92 685,27	74 056
Min Voorsiening vir terugbetaling	3 500,98	4 298
	<u>89 184,29</u>	<u>69 758</u>
Plus Terugbetaling van toelae van vorige jaar	94 584,29	72 658
	<u>940,30</u>	<u>157</u>
Departement van Indiërsake	95 524,59	72 815
Personeel - takpos		
Ontvang	1 792,34	2 009
Uitstaande	215,00	—
	<u>2 007,34</u>	<u>2 009</u>
Administrasie van Kleurlingsake		
Personeel - takposte		
Ontvang	17 087,61	11 218
Uitstaande	—	106
Min Voorsiening vir terugbetaling	215,00	—
	<u>16 872,61</u>	<u>11 324</u>
	<u>R114 404,54</u>	<u>R86 148</u>

7. FONDSINSAMELING		
Skenkings	14 531,20	11 192
Straatkollekties	1 639,19	2 204
Diens-geskenkwinkels	600,00	560
Skenkings in plaas van straatkollekties	115,00	19
	<u>R16 885,39</u>	<u>R13 975</u>

8. ANDER INKOMSTE		1974
Rente	999,64	803
Voorsiening vir twyfelagtige skulde nie langer benodig nie	700,00	645
Diverse	39,49	56
	<u>R1 739,13</u>	<u>R1 504</u>

9. PERSONEELTOELAES AAN TAKKE		
Bloemfontein	6 934,90	5 348
Durban	25 768,87	20 615
Johannesburg	19 694,25	16 395
Kaapstad	23 874,95	19 471
Kimberley	2 883,63	2 408
Oos-Londen	6 802,98	5 529
Pietermaritzburg	7 274,77	5 121
Port Elizabeth	16 611,18	11 227
Pretoria	10 411,12	8 873
	<u>120 256,65</u>	<u>94 987</u>
Min Bedrag uit Diamant Jubileumfonds betaal	21 414,00	18 061
	<u>R98 842,65</u>	<u>R76 926</u>

10. ADMINISTRATIEWE UITGAWES		
Salarisse, lone, pensioenfonds- en mediese hulp-bydraes	33 557,92	28 724
Voorsiening vir ouditeursfooi	337,50	300
Bankkoste	15,25	—
Versekering	120,69	152
Kantoorhuur en diens	2 177,47	1 836
Posgelde	681,18	820
Verhuis- en dekorasie-uitgawes	—	157
Herstel- en onderhoudskoste van kantoortoerusting	216,50	95
Skryfbehoeftes	1 987,44	1 139
Telefoon	1 135,56	977
	<u>R40 229,51</u>	<u>R34 200</u>

11. ANDER UITGAWES		
Advertensies	454,53	141
Depresiasie van kantoormeubels	295,08	247
Algemene vergaderings:		
Jaarvergadering	2 495,95	2 072
Bantoe	823,37	867
Kleurling	451,15	424
indiër	216,75	75
Ledegeld en subskripsie	134,92	185
Koerantuitkripsels	40,00	—
Drukwerk	1 441,20	1 425
Publikasies	30,88	23
Verstalings	—	95
Reiskoste en onderhoudstoelae:		
Nasionale Raad-personeel	2 658,77	2 939
Nasionale Raadslede	344,50	647
Welsynsuitstalling - Pretoria	—	41
	<u>R9 387,10</u>	<u>R9 181</u>